**MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**BEAUFORT-WES / BEAUFORT WEST / BHOBHOFOLO**

**Kennisgewing Nr. // Notice No. 67/2020**

**AANSOEK VIR SLUITING VAN PUBLIEKE PLEK, HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 1770, MURRAYSBURG // APPLICATION FOR CLOSING PUBLIC PLACE, REZONING AND SUBDIVISION OF ERF 1770, MURRAYSBURG**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 61 van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes Munisipaliteit, Kennisgewing No. 21/2019, dat die Munisipale Beplanningstribunaal vir Beaufort-Wes ingevolge Artikel 60 die aansoek vir die **sluiting van publieke plek, hersonering** en **onderverdeling** van **Erf 1770, Murraysburg,** soos volg **gedeeltelik goedgekeur** het:-

1. Dat die **sluiting van ’n openbare plek** van toepassing op Gedeelte B en **hersonering** van gedeelte B na Vervoersone III, ten einde voorsiening te maak vir openbare parkering, **AFGEKEUR** het.

2. Dat die onderstaande grondgebruikaansoeke ten opsigte van Erf 1770, Murraysburg, ten einde ’n kerkperseel op die aansoekeiendom te skep:-

   - **Onderverdeling** van Erf 1770 in twee gedeeltes, naamlik Gedeelte A (1351 m²) en Restant (1061 m²) in terme van Artikel 15.(2)(d);
   - **Sluiting van ’n openbare plek** in terme van artikel 15.(2)(n), slegs van toepassing op Gedeelte A; en
   - **Hersonering** van Gedeelte A vanaf Oopruimte Sone I na Institusionele Sone II.

   **GOEDGEKEUR** word in terme van Artikel 60(a) van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes, 2019 en dat bostaande goedkeuring in terme van Artikel 60 van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes, 2019, onderworpe is aan die onderstaande voorwaardes:-

   (i) Dat die goedkeuring van die aansoek sal verval, ingevolge die bepalings van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes, 2019, indien die goedkeuring nie binne 5 jaar vanaf die datum van hierdie goedkeuring uitgeoefen word nie.

   (ii) Dat die Munisipaliteit die Landmeter-Generaal in kennis stel van die gedeeltelike sluiting van die openbare oopruimte.

   (iii) Dat goedgekeurde Landmeter-Generaal diagram by die Direktoraat: Korporatiewe Dienste ingedien word vir rekorddoeleindes.

   (iv) Dat die eienaar verantwoordelik sal wees vir alle kostes ten opsigte van die voorsiening van interne dienste volgens die Raad se standaard voorwaardes, asook vir die koste verbonde aan enige toekomstige opgradering van die elektriese aansluiting.

   (v) Dat die normale tariewe gehef sal word soos per die Raad se goedgekeurde tariewe lys.

**Die redes vir die bostaande besluit is as volg:**

1. Die onderverdeling, gedeeltelike sluiting van ‘n openbare plek en hersonering van ‘n gedeelte van Erf 1770 gee uitvoering aan ‘n Raadsbesluit ten einde ‘n perseel beskikbaar te stel vir kerkdoeleindes.

2. Die aanwending van die betrokke gedeelte vir kerkdoeleindes word as versoenbaar beskou met die omliggende grondgebruike en sal nie ‘n negatiewe invloed op die omliggende grondeienaars

of die beboude omgewing uitoefen nie.

3. Die sluiting van die openbare plek as geheel en die hersonering van Gedeelte B na Vervoersone III, word nie ondersteun nie, aangesien die Raadsbesluit nie 'n mandaat gee vir hierdie handeling nie.

Enige persoon wie se regte geraak word deur die bogenoemde besluit en of toestande kan 'n beroep op die appèl-owerheid deur 'n skriftelike appèl aan die Munisipale Bestuurder, Beaufort-Wes Munisipaliteit, Privaatsak 582, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes, 6970, te rig om die ondergetekende te bereid binne **21 dae** vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Amptelike appèlvorm is beskikbaar op aanvraag by mev. E. du Plessis by Tel. No 023-414 8117 of e-pos: admin@beaufortwestmun.co.za.

Notice is hereby given in terms of Section 61 of the Municipal Land Use Planning By-Law for Beaufort West Municipality, Notice No. 21/2019, that the Municipal Planning Tribunal for Beaufort West has, in terms of Section 60, **partially approved** the application for the **closure of public place**, **rezoning** and **subdivision** of **Erf 1770, Murraysburg**, as follows: -

1. That **the closure of a public place** applicable to Portion B and **rezoning** of Portion B to Transport Zone III, in order to provide for public parking, has been **REJECTED**.

2. That the following land use applications in respect of **Erf 1770, Murraysburg**, in order to create a church site on the application property: -

   - **Subdivision** of Erf 1770 into two portions, namely Portion A (1351 m²) and Remainder (1061 m²) in terms of Section 15. (2) (d);

   - **Closing of a public place** in terms of section 15. (2) (n), only applicable to Portion A; and

   - **Rezoning** of Portion A from Open Space Zone I to Institutional Zone II.

   **APPROVED** in terms of Section 60 (a) of the Beaufort West Municipal Land Use Planning By-law, 2019 and that the above approval in terms of Section 60 of the Beaufort West Municipal Land Use Planning By-law, 2019, is subject to the following conditions:-

   (i) That the approval of the application will lapse, in accordance with the provisions of the Municipal Land Use Planning By-Law for Beaufort West, 2019, if the approval is not exercised within 5 years from the date of this approval.

   (ii) That the Municipality notify the Surveyor General of the partial closure of the public open space.

   (iii) That approved Surveyor-General diagram be submitted to the Directorate: Corporate Services for record purposes.

   (iv) That the owner shall be responsible for all costs relating to the provision of internal services in accordance with the Council's standard conditions, as well as for the costs associated with any future upgrading of the electrical connection.

   (v) That normal rates will be charged as per Council approved rates list.

**The reasons for the above decision are as follows:**

1. The subdivision, partial closure of a public place and rezoning of a portion of Erf 1770 give effect to a Council decision to make a site available for church purposes.

2. The use of the portion in question for church purposes is considered compatible with the surrounding land uses and will not adversely affect the surrounding landowners or the built environment.

3. The closure of the public place as a whole and the rezoning of Portion B to Transport Zone III is not supported, as the Council decision does not provide a mandate for this act.

Any person whose rights are affected by the above decision and or conditions may appeal to the Appeal Authority by submitting a written appeal to the Municipal Manager, Beaufort West Municipality, Private Bag 582, 112 Donkin Street, Beaufort West, 6970, so to reach the undersigned within **21 days** from the date of publication of this notice. Official appeal forms are available on request from mrs. E. du Plessis at Tel. No. 023-414 8117 or e-mail: admin@beaufortwestmun.co.za.


Municipal Offices // Munisipale Kantore
112 Donkin Street // Donkinstraat 112
**Beaufort-Wes(t)**
6970

**A.C. Makendlana**
**Wrnde Municipal Manager //**
**ActingMunisipale Bestuurder**


**Ref. No. / Verw. Nr.** 12/4/4/2; 12/4/5/2; 13/3/2/5; Erf: 1770 [Murraysburg]
**Datum / Date:** 20 Maart // March 2020